**AANHANGSEL B**

**OPSOMMING VAN AANBEVELINGS EN BEREDENERINGS – LEERSTELLIGE AANGELEENTHEDE**

**Hierdie is ‘n alfabetiese lys van korrespondensie van persone, groepe, gemeentes, kerkrade en ringe wat na aanleiding van die Algemene Sinode 2015 se besluite oor selfdegeslagverhoudings en die Belydenis van Belhar skrywes gerig het. Waar persone sekere aanbevelings gemaak het, is die aanbevelings sover moontlik woordeliks aangehaal. Waar die opsteller(s) nie aanbevelings geformuleer het nie, was die trant van die dokumente wel van so ‘n aard dat dit op die Algemene Sinode ‘n beroep doen om ‘n beslissing ten opsigte van die 2015 besluite van die Algemene Sinode oor selfdegeslagverhoudings en/of die Belydenis van Belhar te maak.**

**Bartlett, A - Selfdegeslagverhoudings (SGV)**

**Die opsteller doen ‘n dringende beroep op die Algemene Sinode (AS):**
Ek sou graag ‘n dringende beroep op die buitengewone Algemene Sinode wou doen om die besluite van die Algemene Sinode te handhaaf en om moeite te doen om die inklusiewe aard van hierdie besluite duidelik aan lidmate te kommunikeer.

**Die opsteller maak die volgende aanbevelings:**
1. Dit is die roeping van die kerk om die evangelie van Jesus Christus in alle omstandighede en aan alle mense te bring. Daarom is dit die kerk se taak om die lig van God se Woord ook op die terrein van menslike seksualiteit te laat val sodat die boodskap van hoop en bevryding in Jesus Christus ook met betrekking tot hierdie aspek van die lewe tuisgebring kan word.
2. Die Algemene Sinode erken dat daar nie eenstemmigheid in die kerk is oor wat die wil van God met betrekking tot homoseksualiteit is nie, maar dat daar verskillende vertolkings is van die beskikbare Skrifgegewens en van wat God vandag vir ons oor die saak wil sê. Ons onderneem om die gesprek en studie oor hierdie saak met groot erns voort te sit met die oog daarop om die kerk en ons lidmate op die mees verantwoordelike manier te dien.
3. Hoewel dit vir die Algemene Sinode duidelik is dat daar in die Bybel na bepaalde dade, wat verband hou met homoseksualiteit, verwys word as in stryd met die wil van God, is daar by ons verskil van mening of hierdie uitsprake in die Bybel van toepassing is op homoseksualiteit in die algemeen. Daar is ook by ons meningsverskil of dit spesifiek van toepassing is op homoseksuele persone wat in permanente verhoudings van liefde en trou staan.
4. In aansluiting by die huidige beleidstandpunt van die NG Kerk oor lidmaatskap (Handelinge, Alg Sinode,1990:590, 591 vgl paragraaf 249,250) is daar by die Algemene Sinode nie die minste twyfel nie, dat alle mense, ongeag hulle seksuele oriëntasie, die objekte van God se liefde is en dat hulle op grond van hulle geloof alleen as volwaardige lidmate van die kerk aanvaar behoort te word. Dit is ons oortuiging dat ons alle mense se getuienis oor hulle geloof en toewyding as Christene, sowel as oor hulle seksuele oriëntasie, ernstig moet opneem en hulle integriteit onvoorwaardelik moet aanvaar.
5. In aansluiting by die Algemene Sinode van 2002, besluit die Algemene Sinode dat sowel heteroseksuele as homoseksuele promiskuïteit ten sterkste veroordeel word. (Handelinge, Algemene Sinode 2002:624 punt 12.11).
6. Dit is die roeping van die kerk om sonder vooroordeel, bewus van ons eie gebrokenheid, ons lidmate op te roep en te begelei om met liefde en deernis voor God met mekaar om te

gaan. In die lig hiervan vra die Algemene Sinode onomwonde verskoning aan alle homoseksueles en hulle families, binne en buite die kerk, vir elke geval waar die kerk sulke persone in die verlede seergemaak en veronreg het en waar God se liefde nie in die kerk se optrede raakgesien kon word nie. Ons staan skuldig voor God en voor elkeen wat direk of indirek onder ons optrede gely het en daarom aan hulle menswaardigheid getwyfel het, en kan maar net om vergiffenis vra.

**Die volgende kom onder meer in die beredenering ter sprake:**
Bybelgebruik en Bybelverstaan (twee lyne), Jesus se optrede teenoor gemarginaliseerdes, Jesus se hantering van die wet, Skrifberoep in die etiek, gesag van die Skrif, *Torah* en *Nomos*, die lens van die liefdesgebod oor die sogenaamde "proeftekste", biologie, perspektief vanuit die menswetenskappe, etiek en moraliteit (onder meer sonde al dan nie), verstaan van die huwelik.

**Basson, WL (SGV)**

**Die opsteller teken die volgende beswaar aan:**
As lidmaat van die NG Kerk maak ek ernstige beswaar teen die besluit m.b.t. die goedkeuring van selfdegeslagverhoudings wat in wese neerkom op die goedkeuring van die beoefening van homoseksualiteit wat in stryd is met die Bybel.

**Die volgende kom onder meer in die beredenering ter sprake:**
Wat leer die Bybel rondom homoseksualiteit? Skrifgesag. Hoe moet die besluit van die Algemene Sinode vertolk word? Ampte, verstaan van die huwelik, etiek en moraliteit (onder meer sonde al dan nie). Enkele praktiese uitdagings en algemene opmerkings m.b.t. die toepassing van die besluite van die Algemene Sinode. Belydenis en ekumene.

**Bergville NG Gemeente (SGV)**

**Die gemeente rig die volgende versoek:**
Hierdie kerkraad versoek u dus om die besluite wat geneem is aangaande homoseksuele en lesbiese predikante te herroep en alle predikante op te roep om te preek oor wedergeboorte en bekering.

**Die volgende kom onder meer in die beredenering ter sprake:**
Skrifgesag en hermeneutiek (uitleg en vertolking van tekste), etiek en moraliteit (onder meer sonde al dan nie).

**Bethal NG Gemeente (SGV)**

**Die gemeente wys die AS op die volgende:**
Solank die 2015 [besluit] van die sinode staan, is NG Bethal Moedergemeente 'n dolerende gemeente.

**Die volgende kom onder meer in die beredenering ter sprake:**
Skrifgebruik (uitleg en vertolking van tekste), verstaan van die huwelik, belydenisgrondslag, etiek en moraliteit (onder meer sonde al dan nie).

**Sien ook die verslag oor prosedurele aangeleenthede.**

**Bethal-Oos NG Gemeente (SGV)**

**Die volgende besluit van die kerkraad word gestel:**
**Sinodebesluite rakende homoseksualiteit/selfdegeslagverhoudinge**

1. Die kerkraad verwerp die Sinodale besluite wat geneem is t.o.v. die beoefening van homoseksualiteit / selfdegeslagverhoudings.
2. Dat die kerkraad beswaar volgens kerkordelike bepalings aanteken teen bogenoemde besluit van die Algemene Sinode en [of] enige ander prosesse in werking stel na die Ring, Sinode [of] Algemene Sinode met die doel om dit tersyde te stel.
3. Die Kerkraad neem kennis dat daar 12 dokumente n.a. v. die sinodebesluit beskikbaar gestel is. (http://atlas.bvbe/media.arq.za)
4. Die Kerkraad versoek die Algemene Sinode om die samestelling van die Sinode getallegewys meer verteenwoordigend tov die kerk in breë verband te organiseer.

**Die volgende kom onder meer in die beredenering ter sprake:**
Skrifgesag, belydenisgrondslag, verstaan van die huwelik, etiek en moraliteit (onder meer sonde al dan nie).

**Bethal-Oos NG Gemeente (Belhar Belydenis)**

**Die volgende besluit van die kerkraad word gestel:**
Die Kerkraad van die NG [Gemeente] Bethal-Oos het tydens die Kerkraadsvergadering op 18 November 2015 besluit om hom uit te spreek teen besluit van die Algemene Sinode dat die Belhar Belydenis op streek sinodevlak aanvaar kan word.

Die besluit van die Algemene Sinode stel
1 die eenheid van die Kerk asook
2 die eenheid in die gesamentlike belydenisgrondslag,
in gevaar.

Verder respekteer die besluit ook nie die uitslag van die onlangse stemming om nie die Belhar Belydenis as 'n opsionele belydenisskrif in Art 1 van die Kerkorde op te neem nie. Die besluit verwyder ook die N.G. Kerk verder van ander gereformeerde kerke wat tans slegs die drie selfde belydenisskrifte aanvaar.

**Beukes, M (SGV)**

**Die volgende kom onder meer in die beredenering ter sprake:**
Skrifgesag, Skrifgebruik (verstaan van bepaalde tekste), verstaan van die die huwelik.

**Boksburgpark NG Gemeente (SGV, Belydenis van Belhar)**

**Die gemeente rig die volgende versoek:**
Die Kerkraad van die Ned. Geref. Kerk Boksburgpark versoek die Algemene Sinode:

- Om sy besluite i.v.m. selfde-geslag verhoudings van Okt. 2015 te herroep;
- Om sy besluite wat dit moontlik maak vir streeksinodes om hul Belydenisgrondslag/ Belydenisskrifte eensydig aan te vul/ verruim te herroep;
- Om af te stap van die onderwerp van die Belydenis van Belhar. Die uitslag van die afgelope stemming oor Art. 1 van die Kerkorde deur gemeentes en Sinodes maak dit duidelik dat hierdie onderwerp tans verdelend en nie ter stigting is van die Ned. Geref. Kerk nie. Aangesien daar ’n uitspraak in die Hoogste Hof van Appèl is dat slegs kerke

wat dieselfde Belydenisskrifte het en dit op dieselfde manier vertolk, verband kan vorm, versoek ons die Algemene Sinode

- Om, sonder om die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider Afrika noodwendig uit te sluit van eenheidsgesprekke, sy energie i.v.m. kerkhereniging eerder vir eers te rig om homself te beywer vir eenheid met kerke wat alreeds dieselfde Belydenisskrifte het as ons, bv. Ned. Geref. Kerk in Afrika, Reformed Church in Africa en moontlik selfs kerke soos die Dutch Reformed Church in Botswana, Reformed Church in Zimbabwe, Reformed Church in Zambia wat tot stand gekom het a.g.v. die sending-arbeid van die Ned. Geref. Kerk;
- Om ernstig te besin oor óf die Ned. Geref. Kerk nog haarself inderdaad as ’n Gereformeerde Belydeniskerk kan of wíl beskou in haar Skrifbeskouing en –gebruik;
- Om ernstig te besin oor óf ons in die Ned. Geref. Kerk nie inderdaad alreeds ’n punt bereik het nie waar ons ons Belydenisskrifte alreeds só verskillend vertolk dat ons breër en plaaslike kerkverband alreeds in die gedrang is – en of dit moontlik is vir die Algemene Sinode om in te sien of begrip te hê waarom sommige Sinodes, Kerkrade en gemeentes die indruk sou kon hê dat ons kerkverband regtens alreeds verbreek is a.g.v. sommige besluite oor leer en lewe wat daarop neerkom dat daar nie meer eenheid is in die dinge wat veronderstel is om die grond van ons kerkverband te wees nie, bv. dat ons ons Belydenisskrifte dieselfde vertolk, dat ons dieselfde glo oor die Skrif en die Persoon en Verlossingswerk van Jesus Christus.
- Ons besef dat die Algemene Sinode ’n liggaam is wat regtens ophou bestaan met die uiteengaan van die vergadering en dat die Algemene Sinode regtens eers by sy volgende gewone vergadering aan ons beswaarskrif aandag hoef te gee. Maar, aangesien die Algemene Sinode in die resestyd wel sekere bevoegdhede aan gevolmagtigde kommissies opdra, voel ons dat dit is billik om te vra dat die Algemene Sinode of sy gevolgmagtigde kommissie(s) op hierdie dokument spoedig sou kon reageer; ons Kerkraad se volgende sitting is einde Februarie 2016 waar ons graag ’n respons van die Algemene Sinode sou wou oorweeg om daarvandaan ons verdere opsies te oorweeg.

**Die volgende kom onder meer in die beredenering ter sprake:**
Skrifgesag, hedendaagse tydsgees, belydenisgrondslag, etiek en moraliteit (onder meer sonde al dan nie), verstaan van die huwelik, antropologie, aanvulling van die Drie Formuliere van Eenheid (Belydenis van Belhar), ekumene, aard van ‘n Gereformeerde - en Belydeniskerk, vertolking van die Bybel.

**Boshoff, T (SGV)**

**Die volgende kom onder meer in die beredenering ter sprake:**
Aard van Skrifgesag: Is die Skrif deur God geïnspireer of is dit ‘n boek oor God? Etiek en moraliteit (onder meer sonde al dan nie), menseregte, gesinslewe, versoek om ‘n enkelvoudige standpunt.

**Botha, P (SGV)**

**Die volgende voorstel word gemaak:**
Daarom stel ek voor, dat alle besluite van die Algemene Sinode 2015 rakende “selfdegeslagverhoudings” spoedig herroep moet word.

**Die volgende kom onder meer in die beredenering ter sprake:**
Skrifgesag, etiek en moraliteit (onder meer sonde al dan nie), ‘n enkelvoudige standpunt.

**Brooks, E en E (SGV)**

**Die volgende kom onder meer in die beredenering ter sprake:**
Gesag (inspirasie) van die Skrif, liefde in die eerste plek teenoor God, skeppingsordening, Christelik-etiese standaarde (leer en lewe).

**Budding, F (SGV)**

**Die volgende oproep word gemaak:**
Die besluit om homoseksuele huwelike en predikante wat homoseksualiteit uitleef toe te laat tot die bediening, moet met alle dringendheid herroep word.

**Die volgende kom onder meer in die beredenering ter sprake:**
Verstaan van die huwelik, etiek en moraliteit (onder meer sonde al dan nie).

**Burgersfort NG Gemeente (SGV)**

**Die kerkraad maak die volgende aanbevelings:**
1. Dat alle besluite oor selfdegeslagverhoudings wat tydens die 2015 Sinodesitting geneem is ter syde gestel word.
2. Dat die Algemene Sinode van die NG Kerk al haar lidmate om verskoning vra oor die feit dat die sinodegangers geswig het onder die druk om wat God as sonde beskou, goed te praat.
3. Dat die Algemene Sinode herbevestig dat die Woord van God bo alle ander 'Algemene Openbarings' prioriteit neem en dat die NG Kerk as kerk van die Reformasie sal staan by die belydenis Sola Scriptura – Slegs die Woord.
4. Dat die NG Kerk afstap van die tema van selfdegeslagverhoudings en fokus op die prioriteite van die Kerk soos wat God dit aan die kerk opgedra het.
5. Dat daar nie weer in die toekoms besluite geneem word wat die leer van die kerk raak, alvorens daar met al die streeksinodes na behore gekonsulteer is nie.

**Die volgende kom onder meer in die beredenering ter sprake:**
Algemene openbaring (hoe ons God leer ken uit Sy skeppingswerk) en besondere openbaring (hoe ons God leer ken uit die Bybel), God se "alternatiewe gemeenskap", Skrifgebruik (uitleg en vertolking van tekste), verstaan van die huwelik, fisiese (biologiese) argumente en etiek, moraliteit (hoe behoort die kerk op te tree teenoor mense wat in selfdegeslagverhoudings is?).

**Charl Cilliers NG Gemeente (SGV, Belydenis van Belhar)**
Die kerkraad van Charl Cilliers het na die 2015 Algemene Sinode (AS) besluit dat 'n appèl en 'n gravamen ingedien word om beswaar te maak teen die besluite aangaande selfdegeslagverhoudings. Die kerkraad het na die uitspraak van die Hooggeregshof in 2019 besluit om 'n addisionele gravamen in te dien. Hierdie gravamen dien as die heersende dokument wat die kerkraad voor die sinode lê.

**In die gravamen word die volgende gestel:**
Die hoop word uitgespreek dat hierdie aangeleentheid reggestel sal word deur die nodige verklarings [deur die Algemene Sinode] om hierdie twee besluite ongedaan te maak.

**Die volgende kom onder meer in die beredenering ter sprake:**

Verstaan van die huwelik en burgerlike verbintenisse, Skrifgebruik (uitleg en vertolking van tekste), legitimasieverklaring en belydenisskrifte, etiek en moraliteit (onder meer sonde al dan nie), beginselvaste besluite, humanistiese beskouing (voorkeure van mense word bo belange van God gestel), menswetenskaplike bevindings.

**Sien ook verslag oor prosedurele aangeleenthede.**

**Citrusdal NG Gemeente Mansgroep (SGV)**

**Die volgende kom onder meer in die beredenering ter sprake:**
Skrifgesag, verstaan van die huwelik, selibaatskap.

**Coetsee, A (SGV)**

**Die volgende aanbeveling word gemaak:**
Ek stel dus voor, dat alle besluite van die Algemene Sinode 2015 rakende selfdegeslagverhoudings herroep moet word.

**Die volgende kom onder meer in die beredenering ter sprake:**
Skrifgebruik (uitleg en vertolking van tekste), etiek en moraliteit (onder meer sonde al dan nie).

**Combrink, AM (SGV)**

**Die volgende kom onder meer in die beredenering ter sprake:**
Skrifgebruik (uitleg en vertolking van tekste), etiek en moraliteit (onder meer sonde al dan nie).

**Danzfuss, T en Janse van Rensburg, HM (SGV)**

**Die opstellers van die gravamen rig die volgende versoek:**
Ons versoek die Sinode dringend om ter wille van reg en geregtigheid, die eer van God, die welsyn van Sy kerk, die gesag van die Woord en die redding van sondaars, op grond van een of meer van bogenoemde besware, al die besluite van AS 2015 rakende selfdegeslagverhoudings ter syde te stel.

**Die volgende kom onder meer in die beredenering ter sprake:**
Bybelse, Teologiese en Konfessionele besware: Skrifgebruik (uitleg en vertolking van tekste), verstaan van die Christelike huwelik en verstaan van ‘n burgerlike verbintenis, etiek en moraliteit (onder meer sonde al dan nie), algemene openbaring (hoe ons God leer ken uit Sy skeppingswerk) en besondere openbaring (hoe ons God leer ken uit die Bybel), Skrifgesag, relasionele waarheidsbegrip, besondere vereistes aan persone in die besondere ampte, belydenisgrondslag, verstaan van insluiting in die genadeverbond, erkenning aan selfdegeslagverbintenisse en die voorsiening dat dié verbintenisse kerklik bevestig kan word.

**Sien ook verslag oor prosedurele aangeleenthede.**

**Davel, I (SGV)**

**Die volgende kom onder meer in die beredenering ter sprake:**
Etiek en moraliteit (onder meer sonde al dan nie).

**De Jager, F (SGV)**

**Die volgende aanbeveling word gemaak:**
Ek beveel aan dat die BESLUIT oor selfdegeslagverhoudings NIETIG VERKLAAR WORD.

**Die volgende kom onder meer in die beredenering ter sprake:**
Verstaan van die huwelik, etiek en moraliteit (onder meer sonde al dan nie), vals leraars.

**De Jager, H (SGV)**

**Die volgende aanbeveling word gemaak:**
Ek stel voor dat alle besluite van die Algemene Sinode 2015 rakende homoseksuele verhoudings herroep moet word.

**Die volgende kom onder meer in die beredenering ter sprake:**
Skrifgebruik (uitleg en vertolking van tekste).

**De Jager, T en A (SGV)**

**Die volgende aanbeveling word in die gravamen gemaak:**
- Dat alle besluite, geneem tydens die Sinodesitting 2015 oor selfdegeslagverhoudings, nietig verklaar word.
- Alle lidmate in die toekoms kan stem alvorens rigtinggewende besluit geneem sal word (soos met die Belhar belydenis).
- Dat die Woord van God as hoogste gesag beskou sal word en dit nie verdraai sal word nie.

**Die volgende kom onder meer in die beredenering ter sprake:**
Skrifgebruik (uitleg en vertolking van tekste).

**De Klerk, H (SGV)**

**Die volgende beswaar word in die gravamen gestel:**
As lidmaat van die Pietermaritzburg Noord gemeente wens ek hiermee my beswaar teen die 2015 Algemene Sinode se besluit rakende selfdegeslagverhoudings indien.

**Die volgende kom onder meer in die beredenering ter sprake:**
Skrifgesag, verstaan van die huwelik, etiek en moraliteit (onder meer sonde al dan nie).

**De Villiers, PJ (SGV)**

**Die volgende kom onder meer in die beredenering ter sprake:**
Gesag van die Skrif, skeppingsorde, selibaatskap, aard van beginselbesluite (nie opsioneel), eksklusiewe handelwyse mbt die besluitnemingsproses.

**Duminy, HJ en Botha JFH en ander lidmate van Victoria-Wes (SGV)**

**Die opstellers versoek die AS om die besluit van 2015 rakende SGV te herroep.**

**Die volgende kom onder meer in die beredenering ter sprake:**
Skrifgesag, Skrifgebruik (uitleg en vertolking van tekste), verstaan van die huwelik, biologie.

**De Vos, P (SGV)**

**Die volgende kom onder meer in die beredenering ter sprake:**
Algemene openbaring (hoe ons God leer ken uit Sy skeppingswerk) en besondere openbaring (hoe ons God leer ken uit die Bybel), Skrifgebruik (uitleg en vertolking van tekste).

**Du Plessis, P (SGV)**

**Die volgende kom onder meer in die beredenering ter sprake:**
Skrifgesag, Skrifgebruik (uitleg en vertolking van tekste), verstaan van die huwelik.

**Eendracht NG Gemeente (SGV)**

**Die besluit van die kerkraad word gestel:**
In die lig hiervan [beredenering bo] wil ons die Besluite van die Algemene Sinode 2015 oor hierdie saak verwerp as dwaling en ons distansieer daarvan. Saam met baie lidmate en gemeentes wil ons ons treurstem byvoeg oor die besluit.

**Die volgende kom onder meer in die beredenering ter sprake:**
Volgens die Skrif is ‘n *monogame huwelik*, tussen één man en één vrou, die enigste Christelike verbintenis waarbinne seksualiteit uitgeleef en beoefen kan word, volgens die wil en bedoeling van God. Etiek en moraliteit (onder meer sonde al dan nie), vereistes vir besondere ampte, gesag van die Skrif.

**Ernst, JH (SGV)**

**Die opsteller stel die volgende:**
Die beswaar is dat daar met die besluite oor selfdgeslagverhoudings gehandel word asof die besluite op die voorgeskrewe kerkordelike wyse tot stand gekom het en daarom ‘n regsgeldige besluit is. Dit is die beswaarde se submissie dat dit nie die geval is nie, dat die besluite daarom ongeldig en nietig is.

**Die opsteller beveel aan dat:**
- Die besluite van die 2015 AS rakende SGV ter syde gestel word.
- Die 2013-opdrag van die AS rakende SGV voorgesit word en die vergadering oor die raamwerk vir voortgesette navorsing en dialoog besluit.
- In die lig van die verdere proses rondom die nadenke oor die status van SGV, die beskrywingspunt van Oostelike Sinode nie goedgekeur word nie.

**Die volgende kom onder meer in die beredenering ter sprake:**

‘n Behoorlike en aanvaarde Skriftuurlike, Gereformeerde en teologies-hermeneutiese begronding, gesag van die Skrif, Skrifgebruik / hermeneutiek (uitleg en vertolking van tekste), antropologie (mensbeskouing), verstaan van die huwelik, etiek en moraliteit (liefdeswet en heiligheidskodes), ekumene, belydenisgrondslag.

**Sien ook verslag oor prosedurele aangeleenthede.**

**Esterhuizen, WJB (SGV)**

**Die opsteller stel die volgende:**
Die Sinode word ten sterkste aangemoedig om biddend al die teksverse wat betrekking het, te ondersoek en deur die wysheid en inspraak van die Heilige Gees ’n besluit te neem tot eer van God, tot opbou van die gemeente en tot uitbreiding van sy koninkryk.

**Die volgende kom onder meer in die beredenering ter sprake:**
Skrifgebruik (uitleg en vertolking van tekste), verstaan van die huwelik, etiek en moraliteit (onder meer sonde al dan nie), gesag van die Bybel.

**Fouriesburg NG Gemeente (SGV)**

**Die gemeente maak die volgende aanbeveling:**
Die kerkraad is oortuig dat die vorige Algemene Sinode ‘n besluit téénoor die Bybelse leer geneem het en daarom versoek ons die Algemene Sinode dringend om by die komende sitting in diepte te praat oor die NG Kerk se interpretasie van die Bybel rondom spesifiek die sake van homoseksualiteit en daaruit voortspruitende selfdegeslagverhoudinge.

**Die beredenering lui:**
Dit is die oortuiging van hierdie kerkraad/gemeente dat sowel homoseksualiteit as selfde-geslagverbintenisse sonde bly en daarom onder die toesig en tug van die plaaslike gemeente staan.

**Fullard, M (SGV)**

**Die opsteller noem die volgende:**

Homoseksualiteit is sonde wat afgelê moet word en hoort nie op ons kansels nie.

**Die volgende kom onder meer in die beredenering ter sprake:**
Algemene openbaring (hoe ons God leer ken uit Sy skeppingswerk) en besondere openbaring (hoe ons God leer ken uit die Bybel), Skrifgebruik (uitleg en vertolking van tekste), verstaan van die huwelik, etiek en moraliteit (onder meer sonde al dan nie), gesag van die Bybel, beïnvloedbaarheid van kinders.

**Greylingstad NG Gemeente (SGV, Belydenis van Belhar)**

**Die kerkraad stel die volgende:**
Die Kerkraad van NG Kerk Greylingstad wil hiermee graag beswaar aanteken en ons teleurstelling met die besluite van die Algemene Sinode verwoord. Ons is diep geskok en

ontnugter deur die besluite wat die Algemene Sinode op 9 Oktober 2015 geneem het insake:

1. Selfdegeslagverhoudings

2. Belydenis van Belhar

en vereenselwig ons ons met die besluit van die Ring van Heidelberg wat geneem is op ’n Buitengewone Ringsitting van die Ring van Heidelberg op 11 November 2015.

Die gemeente doen ‘n beroep op die AS om beide die besluite te herroep.

**Die volgende kom onder meer in die beredenering ter sprake:**
Ons is van vaste oortuiging dat die besluit wat geneem is lynreg in teenstelling is met dit wat die Bybel as die enigste onfeilbare Woord van God ons leer. Algemene openbaring (hoe ons God leer ken uit Sy skeppingswerk) en besondere openbaring (hoe ons God leer ken uit die Bybel), Skrifgebruik (uitleg en vertolking van tekste), verstaan van die huwelik, belydenisgrondslag, etiek en moraliteit (onder meer sonde al dan nie), gesag van die Bybel, teologiese dwaalleringe, integriteit van kerkverband.

**Griesel, JA (SGV)**

**Die opsteller beveel aan dat die NG Kerk Algemene Sinode:**
- Ernstig besin wat sy Belydenisskrifte werklik beteken en bevestig wat die kerk onderskryf en sal handhaaf; en
- Daarvolgens riglyne en leiding sal verskaf oor die uitleg en verkondiging van die Bybel en evangelie en dissipline en leierskap daaroor sal inneem en handhaaf
- Die teologiese fakulteite wat vir die opleiding van NG Kerk predikante se opleiding gebruik word sal evalueer in ooreenstemming met wat die kerk se verwagting is vir gereformeerde opleiding - in ooreenstemming met die NG Kerk leer hierbo aangedui en herformuleer wat die sillabusse behoort in te sluit en toe te sien dat dit uitgevoer word. Indien dit nie moontlik is nie oorweging aan die vestiging van ’n/ of kweekskole sal skenk
- Standpunt sal inneem in ooreenstemming met gereformeerde skrifgefundeerde beginsels en leerstellings met betrekking tot SGV, dit te bevestig en te handhaaf
- Die sambreel van geloofsbeskouinge sal vernou tot wat die Skrif daaroor fundamenteel uitsluitsel gee en nie verder amptelik ruimte maak vir diverse en afwykende sienings oor die skrif nie - wat die evangelie afbreek en ondermyn nie en kerkeenheid toenemend bemoeilik.

**Die volgende kom onder meer in die beredenering ter sprake:**
Algemene openbaring (hoe ons God leer ken uit Sy skeppingswerk) en besondere openbaring (hoe ons God leer ken uit die Bybel), Skrifgebruik (uitleg en vertolking van tekste), verstaan van die huwelik, belydenisgrondslag, etiek en moraliteit (onder meer sonde al dan nie), gesag van die Bybel, teologiese dwaalleringe.

**Heidelberg NG Ring (SGV)**

**Die besluit van die ring is:**
Die Ring van Heidelberg het eenparig besluit om beswaar aan te teken teen die besluit van die Algemene Sinode op 9 Oktober 2015 oor "selfdegeslagverhoudings".

**Die volgende kom onder meer in die beredenering ter sprake:**

Algemene openbaring (hoe ons God leer ken uit Sy skeppingswerk) en besondere openbaring (hoe ons God leer ken uit die Bybel), Skrifgebruik (uitleg en vertolking van tekste), verstaan van die huwelik, etiek en moraliteit (onder meer sonde al dan nie), gesag van die Bybel.

**Hoopstad NG Gemeente (SGV)**

**Die gemeente beveel aan:**

- Dat alle besluite oor selfdegeslagverhoudings wat tydens die 2015 Sinodesitting geneem is herroep word.
- Dat die Algemene Sinode herbevestig dat die Woord van God bo alle ander 'Algemene Openbarings' prioriteit neem en dat die NG Kerk as kerk van die Reformasie sal staan by die belydenis Sola Scriptura – Slegs die Woord.
- Dat die NG Kerk afstap van die tema van selfdegeslagverhoudings en fokus op die prioriteite van die Kerk soos wat God dit aan die kerk opgedra het.
- Dat daar nie weer in die toekoms besluite geneem word wat die leer van die kerk raak, alvorens daar met al die streeksinodes na behore gekonsulteer is nie.
- Dat 'n kerklike tugproses oorweeg sal word met die lidmate wat die Woord van God en die Kerkorde oortree het.

**Die volgende kom onder meer in die beredenering ter sprake:**
Algemene openbaring (hoe ons God leer ken uit Sy skeppingswerk) en besondere openbaring (hoe ons God leer ken uit die Bybel), Skrifgebruik (uitleg en vertolking van tekste), verstaan van die huwelik, belydenisgrondslag, etiek en moraliteit (onder meer sonde al dan nie), gesag van die Bybel.

**Janse van Rensburg, J (SGV)**

**Die opsteller spreek hom soos volg uit teen die besluiite van die AS, 2015:**

- Die Sinode het besluite geneem op grond van die beweerde uitgangspunt dat die "nuwe" hermeneutiek deurslaggewend is en dat daar niks in die Bybel is wat selfdegeslagverhoudings veroordeel nie. Hierdie aanname was misleidend aangesien baie betekenisvolle wetenaskaplikes hierdie "nuwe" hermeneutiek verwerp.
- Die deeglike hermeneutiek wat volgens die Algemene Sinode van 2013 in 2007 gedoen is, is deur die Sinode (2015) in die besluite weerspreek. Dit het tot gevolg gehad dat die Sinode besluite geneem het sonder om die Skrif deeglik te verreken, 'n waarneming wat deur die vorige ASM in sy laaste vergadering voor die Sinode gemaak is.
- In die plek van 'n verantwoordelike wetenskaplike hermeneutiek het die Taakspan beginsels as hermeneutiese sleutels ingespan wat vreemd aan 'n gereformeerde hermeneutiek is. Die beginsel van menswaardigheid het as beïnvloedingsmeganisme vóór en tydens die Sinode morele druk op Sinodegangers geplaas. Op dergelike wyse het die beginsel van die liefde deeglike eksegese geneutraliseer en vervang. Talle Sinodegangers het getuig van die oormatige emosionele druk en die afwesigheid van deeglike besinning oor die Skrif.
- Die besluite van die Sinode oor selfdegeslag-verhoudings is geneem sonder om die wye veld van navorsing wat beskikbaar is en waarvan sommige hierbo aangehaal is, te verreken. Sinodegangers kon nie 'n ingeligde besluit neem nie en is deur psigagogie (emosionele manipulasie) in die besluite wat geneem is, op sleeptou geneem.

**Die volgende kom onder meer in die beredenering ter sprake:**

Algemene openbaring (hoe ons God leer ken uit Sy skeppingswerk) en besondere openbaring (hoe ons God leer ken uit die Bybel), hermeneutiek (uitleg en vertolking van tekste), verstaan van die huwelik, belydenisgrondslag, etiek en moraliteit (onder meer sonde al dan nie), gesag van die Bybel.

**Kirkpatrick, JD – Ten gunste van 2015 (SGV)**

**Hierdie voorlegging wil aantoon dat:**
daar ŉ noue verband tussen die NG Kerk se besinning oor Skrifgebruik en sy 2015 standpunt oor selfdegeslagverhoudings bestaan; dat die NG Kerk by moeilike etiese sake konsekwent gekies het om die Bybel histories (kultuur-sensitief) te lees en dit daarom met integriteit ook in die geval van selfdegeslagverhoudings so moet lees.

**Die volgende kom onder meer in die beredenering ter sprake:**
Daar is in die NG Kerk nie onduidelikheid oor die gesag van die Bybel nie. As belydenisuitspraak geld dit vir alle lidmate en ampsdraers dat die Bybel bely word as "Woord van God". Die werk van die teologiese fakulteite in 1986 het die grondslag gelê waarop in ander stukke voortgebou is. Dit het ook verseker dat die NG Kerk se besinning oor Skrifgesag en Skrifgebruik nie los gestaan het van die akademiese navorsing daaroor nie. Daar is ŉ duidelike lyn van afwysing van fundamentalisme en die gepaardgaande a-historiese letterlike lees van die Bybel. Die historiese konteks waarbinne die Bybel ontstaan het, word ernstig geneem. "What it meant and what it means" is nie noodwendig dieselfde nie. In die hantering van moeilike etiese en leerstellige sake is die Bybel op ŉ konsekwente manier hanteer. Dit is die kerk se geloofwaardigheid ten goede. Alhoewel daar ŉ diep en breë eenstemmigheid in die NG Kerk is oor die gesag van die Bybel, is daar gewoonlik meer as een soort Skrifgebruik aan die werk. Dit is egter opvallend dat die kerk in sy amptelike stukke en besluite kies vir die kultuur-sensitiewe lees van tekste. Dit is eie aan ŉ gereformeerde Skrifverstaan dat ook hierdie formulerings oor die Bybel nie as finaal gesien word nie. Dit is soos alle besluite onderhewig aan voortgaande besinning. Die 2015 besluit oor selfdegeslagverhoudings lê op ŉ konsekwente lyn met vorige etiese beslissings en dit sal die kerk se integriteit illustreer as dit gehandhaaf word.

**Kokstad NG Gemeente (SGV)**

**Die gemeente verklaar soos volg:**

1. die kerk geïnfiltreer is deur dwaalleraars,

2. hulle hulleself in die hoogste posisies in ons kerke ingewerk het en

3. hulle nie die waarheid van Artikel 1 van harte onderskryf nie.

Ons verklaar dat die nuwe hermeneutiek niks anders as kettery is nie en die vier grondwaarhede van die gereformeerde teologie ondermyn. Ons versoek dus dat die NG Kerk gesuiwer word van dwaalleraars, dat daar teruggekeer word na die egte gereformeerde teologie en dat die Woord van God weer in ere herstel word.

**Die volgende kom onder meer in die beredenering ter sprake:**
Algemene openbaring (hoe ons God leer ken uit Sy skeppingswerk) en besondere openbaring (hoe ons God leer ken uit die Bybel), Skrifgebruik (uitleg en vertolking van tekste), verstaan van die huwelik, belydenisgrondslag, gesag van die Bybel.

**Louw, ANE (SGV)**

**Die opsteller versoek die AS om die volgende besluite te neem:**

Die volgende besluite word geneem in die plek van die besluite van 2015:

- Die Algemene Sinode herbevestig die besluite van vorige Algemene Sinodes van 2007 en 2013 insake die huwelik en selfdegeslagverhoudinge.
- Die Sinode bevestig dat bogenoemde sinodebesluite gebaseer is op die duidelike getuienis van die Skrif dat homoseksuale praktyke konsekwent in die OT en die NT afgekeur word as sonde en teen die wil van God,
- asook op die getuienis van die Skrif insake die huwelik as Goddelike instelling tussen een man en een vrou,
- Die Sinode bevestig dat die sogenaamde alternatiewe lees van die relevante tekste wat tans as nuwe interpretasies aangebied word, bv die vergelyking tussen die uitbreiding van die heil tot heidense nasies in die Cornelius-verhaal in Hand 10 (Bybels) en die aanvaarding van homoseksuele verhoudings en -praktyke onder die vaandel van "insluiting" (onbybels) nie die toets van deeglike eksegese en verantwoordelike Skrifgebruik en hermeneutiek slaag nie, aangesien eersgenoemde dui op 'n godgegegewe verskeidenheid van etnisteite en tale, en laasgenoemde op 'n sondige leefwyse.
- Die Sinode bevestig dat die getuienis van die apostoliese vaders en kerkvaders van die vroeë Christelike kerk, asook van latere kerkvergaderings in alle denominasies dat die huwelik as 'n verbondsverhouding tussen een man en een vrou gesien is en dat alle seksuele verbintenisse buite die huwelik afgewys en veroordeel is, en dat spesifiek selfdegeslag seksuele verhoudinge en -praktyke radikaal afgewys is tot die aanbreek van sogenaamde seksuele rewolusie gedurende die 1960's.
- Die Sinode is oortuig dat lidmate, veral jeugdiges, wat selfdegeslag-aangetrokkenheid ervaar, met groot liefde deur leraars en jeugleiers begelei moet word, veral in gevalle waar hulle reeds deur ouer persone van dieselfde geslag verlei is, om die werklikheid van die LGBTI-ideologie en propaganda raak te sien en te herken vir wat dit is, naamlik 'n poging om die Bybelse boodskap oor die huwelik en seksualiteit te ondergrawe en met 'n ander, gesins-vyandelike ideologie te vervang; en dat alle persone wat in selfdegeslagverhoudinge leef opgeroep moet word om hulle daarvan te bekeer en God toe te laat om hulle deur die Heilige Gees te herskep en vernuwe sodat hulle die beeld van Christus kan vertoon en hulle Godgewilde identiteit as man/vrou kan realiseer, al neem dit ook tyd en al gaan dit ook gepaard met stryd, ongeag of dit lei tot 'n staat van onthouding of tot die status van 'n (heteroseksuele) huwelik. Waar persone as kinders of jeugdiges onderworpe was aan disfunksionele gesinsverhoudinge en veral waar hulle verlei en/of gemolesteer is, moet die trauma ook pastoraal-sielkundig hanteer word met die oog op heling van die wonde.

**Die volgende kom onder meer in die beredenering ter sprake:**
Algemene openbaring (hoe ons God leer ken uit Sy skeppingswerk) en besondere openbaring (hoe ons God leer ken uit die Bybel), Skrifgebruik (uitleg en vertolking van tekste), eksegese, verstaan van die huwelik, belydenisgrondslag, etiek en moraliteit (onder meer sonde al dan nie), gesag van die Bybel.

Besluit aanvaar op grond van 'n onvolledige verslag waaraan doelbewus geen aanbevelings gekoppel was nie. Daar is prosedureel verkeerd opgetree en 'n verslag is goedgekeur wat nie die opdrag uitgevoer het nie.

**Louw J en ander lidmate van Reitz NG Gemeente (SGV)**

**Die opstellers maak die volgende aanbevelings:**

Die Algemene Sinode besluit:

1. Die Sinode het kennis geneem van die omvangryke kerklike dispute die afgelope jare rondom die kwessie van lidmate wat seksueel aangetrokke voel tot mense van hulle eie geslag.
2. Die Sinode ag dit nie nodig om enige verdere uitsprake oor die saak te maak nie, omdat die Woord van die Here hieroor duidelik en geldend vir alle tye is.
3. Die Sinode wys spesifiek op die vermaning van die apostel Paulus in 1 Kor 6:9-11 en vra dat alle lidmate dit as die Woord van die Here sal aanvaar.

**Die volgende kom onder meer in die beredenering ter sprake:**
Die gravamen vind dit onaanvaarbaar en tot oneer van die Here dat die onderwerp van selfdegeslag seksuele verhoudinge nou reeds vir bykans twee dekades deur sommige teoloë in die kerk as ‘n agendapunt van ons kerk se Algemene Sinode en ander Sinodes in stand gehou word.

**Louw, MG (SGV)**

**Die volgende kom in die beredenering ter sprake:**
Skrifgebruik (uitleg en vertolking van tekste), etiek en moraliteit (onder meer sonde al dan nie).

**Lydenburg NG Gemeente (SGV)**

**Die gemeente stel die volgende:**
Die Kerkraad van die NG Kerk Lydenburg maak beswaar teen die 16de vergadering (4-9 Oktober 2015) van die Algemene Sinode van die NG Kerk se besluit oor selfdegeslagverhoudings en versoek dat dié besluit herroep word.

**Die volgende kom onder meer in die beredenering ter sprake:**
Algemene openbaring (hoe ons God leer ken uit Sy skeppingswerk) en besondere openbaring (hoe ons God leer ken uit die Bybel), Skrifgebruik (uitleg en vertolking van tekste), verstaan van die huwelik, belydenisgrondslag, etiek en moraliteit (onder meer sonde al dan nie), gesag van die Bybel.

**Magaliesberg NG Gemeente (SGV)**

**Die volgende kom onder meer in die beredenering ter sprake:**
Verstaan van die huwelik, biologie, Skrifgesag, etiese waardes.

**Marquard NG Gemeente (SGV)**

**Die gemeente stel die volgende besluite:**

- Huwelike tussen homoseksuele mense nie aanvaar word nie en sal dus nie in die gemeente bevestig word nie.
- Dat homoseksuele persone wat in sulke verhoudinge leef nie in die ampte van die kerk kan dien nie. Dus sal sulke predikante nie in die gemeente die Woord of sakramente mag bedien nie.
- Ons keur ook nie die Doop van kinders van dieselfde geslag verhoudings goed nie.
- Aanvaar die kerkraad nie die besluit van die Algemene Sinode van 2015 se besluit rakende homoseksuele verbintenisse/huwelike nie.

**Die volgende kom onder meer in die beredenering ter sprake:**
Algemene openbaring (hoe ons God leer ken uit Sy skeppingswerk) en besondere openbaring (hoe ons God leer ken uit die Bybel), Skrifgebruik (uitleg en vertolking van tekste), verstaan van die huwelik, belydenisgrondslag, etiek en moraliteit (onder meer sonde al dan nie), gesag van die Bybel.

**Marx, M (SGV)**

**Die volgende kom onder meer in die beredenering ter sprake:**
Algemene openbaring (hoe ons God leer ken uit Sy skeppingswerk) en besondere openbaring (hoe ons God leer ken uit die Bybel), Skrifgebruik (uitleg en vertolking van tekste), verstaan van die huwelik, etiek en moraliteit (onder meer sonde al dan nie).

**Namibië NG Kerk (SGV)**

**Die sinode stel die volgende:**
- Die 17de vergadering van die Namibiese sinode van die NG Kerk (NGKN) neem kennis van uiteenlopende standpunte rakende die beoordeling van selfdegeslag seksuele verhoudings, ook standpunte wat op die Bybel gegrond is. Terwyl ons die integriteit aanvaar van gelowiges wat kan saamleef met die 2015-besluit van die Algemene Sinode, is die getuienis van die meerderheid van afgevaardigdes dat dáárdie besluit nie te rym is met hulle verstaan van die Skrif nie.
- Ons wil graag die teologiese gesprek oor selfdegeslag seksuele verhoudings laat voortgaan en versoek die moderamen om saam met ander Christelike geloofsgemeenskappe ’n gesprek te inisieer waar deelnemers sal oefen in die geloofwaardige lees en helder uitleg van die Skrif ten opsigte van gesagvolle leiding met betrekking tot etiese vraagstukke.
- Ons getuig dat ons etiese lewe oor die volle spektrum van die lewe strek en moedig navolgers van Christus aan om konsekwent te wees in hulle profetiese vermaning oor etiese vergrype in die samelewing. Die sinode is egter hartseer oor die oënskynlike gebrek aan entoesiasme onder gelowiges om etiese uitdagings anders as seksuele sake aan te pak.

**Die volgende kom onder meer in die beredenering ter sprake:**
Algemene openbaring (hoe ons God leer ken uit Sy skeppingswerk) en besondere openbaring (hoe ons God leer ken uit die Bybel), Skrifgebruik (uitleg en vertolking van tekste), verstaan van die huwelik, belydenisgrondslag, etiek en moraliteit (onder meer sonde al dan nie), gesag van die Bybel.

**Oberholzer, A (SGV)**

**Die opsteller stel die volgende:**

- Die besluit van die Algemene Sinode is nie versoenbaar met die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dortse Leerreëls nie. Verder word die Bybel se lering oor selfdegeslagverhoudings herinterpreteer wat strydig is met die interpretasies tot op hede, selfs in die Algemene Sinode besluit van 2007 word dit verwerp. Dit beteken dat hierdie belydenisse en die lering wat die Bybel gee, eers gewysig sou moes word vir hierdie besluit om van krag te wees. Die spesifieke bepalings, volgens my, wat strydig is, is die volgende:
- Uit punt 1 is die besluit van die Algemene Sinode oor die selfdegeslagverhoudings nie geldig nie, omdat dit strydig sal wees met artikel 44.1 en 44.2 deurdat elke Sinode die besluit met ‘n tweederdemeerderheid moes bekragtig het en eers daarna kan die Algemene Sinode dit met ‘n tweederdemeerderheid bekragtig. Die Algemene Sinodebesluit sou egter moes wag vir die veranderings van die Belydenisse, voordat hierdie besluit geneem sou kon word.
- Die menseregtehandves vorm nie deel van die Belydenis van die kerk nie, en sal ook deur elke Sinode goedgekeur moes word om deel daarvan te word. Die Algemene Sinode kan nie bevestig of herbevestig dat almal gelyk is ongeag hulle seksuele oriëntasie nie, omdat dit teen die Belydenis van die kerk sou wees, en verander sou moes word om dit deel van die Belydenis te maak. Weereens, vir so ’n verandering, sou verwag word dat die Algemene Sinode aan die Kerkorde sou voldoen.
- Hierdie saak is van so ’n wesenlike belang vir die eenheid van die kerk, dat daar meer konsultasie met alle belanghebbende partye gedoen moes word.
- Die Ou- en Nuwe Testamentiese wette word deur die "nuwe" interpretasie van die Algemene Sinode verdag gemaak. Die doel en funksie van wette moet in die lig van die liefdesgebod bepaal word.
- Dit is my mening dat daar meer oplossings tot die probleem is en dat ’n alles of niks benadering nie Christus se kerk bevorder nie en slegs verdeeldheid bring.

**Die volgende kom onder meer in die beredenering ter sprake:**
Algemene openbaring (hoe ons God leer ken uit Sy skeppingswerk) en besondere openbaring (hoe ons God leer ken uit die Bybel), Skrifgebruik (uitleg en vertolking van tekste), verstaan van die huwelik, belydenisgrondslag.

**Sien ook die verslag oor prosedurele aangeleenthede.**

**Olivier, B en T (SGV)**

**Die opstellers versoek die volgende:**

- Alle besluite rondom selfde geslag verhoudings wat geneem is tydens die Sinode Sitting in 2015, ter syde gestel word
- Dat die Sinode God se Woord sal eer en geen verdeeldheid in die liggaam van God sal veroorsaak nie. 1 Korintiërs 12:25 "sodat daar nie verdeeldheid in die liggaam sou wees nie, maar dat die lede gelyke sorg vir mekaar dra." Jakobus 4:17 "As iemand weet wat die regte ding is om te doen en hy doen dit nie, is dit sonde."

**Die volgende kom onder meer in die beredenering ter sprake:**
Algemene openbaring (hoe ons God leer ken uit Sy skeppingswerk) en besondere openbaring (hoe ons God leer ken uit die Bybel), Skrifgebruik (uitleg en vertolking van tekste), verstaan van die huwelik, belydenisgrondslag, etiek en moraliteit (onder meer sonde al dan nie), gesag van die Bybel.

**Piet Plessis NG Gemeente (SGV)**

**Die kerkraad stel die sinode in kennis van die volgende besluit:**
1. Die Kerkraad van Piet Plessis verwerp die besluit van die Algemene Sinode wat verbintenisse van dieselfde geslag goedkeur en dat homoseksuele predikante nie meer selibaat hoef te wees nie. Dit is 'n dwaalleer wat nie Bybels verantwoordbaar is nie.
2. Die Kerkraad betreur die feit dat die Algemene Sinode se afgevaardigdes al hoe minder verteenwoordigend van die Ned.Geref. Kerk geword het en dat dit onder andere daartoe gelei het dat so 'n klein getal lidmate, bogenoemde besluit kon neem.
3. Die Kerkraad van Piet Plessis betreur ook die feit dat die Algemene Sinode *"die reg (bevestig) van kerkrade om hieroor hulle eie standpunte en praktyke"* in hierdie verband *"te formuleer en te reël"*. Die gesag van God se Woord en die gehoorsaamheid daaraan kan nie deur *"eie standpunte en praktyke"* na goeddunke van enige Kerkraad of Sinode bepaal word nie maar alleen deur God se Woord self wat ons enigste Wegwyser is. (2 Tim.3:15-17; Ps.119:105; Joh.17:17 e.a.)
4. Ons glo dat die Woord van God baie duidelik is oor die huwelik as 'n lewenslange verbintenis tussen een man en een vrou. Ons vind in die Skrif geen goedkeuring hoegenaamd (of *"erkenning ... gee aan die status"*) van enige verbintenisse van dieselfde geslag of sogenaamde *"burgerlike verbintenisse van persone van dieselfde geslag"* nie. Die beoefening van homoseksualiteit, soos enige ander sonde wat in die Skrif genoem word, word telkens verbied. (1 Kor.6:9-10; Rom.1:24-28 en 32; Lev.18:22; Lev.20:13 e.a.)
5. Ons glo dat die Skrif duidelik is daaroor dat alle seksuele verhoudinge buite die huwelik teen God se wil en plan is. (1 Kor.6:9-10; Mark.10:19; Rom.13:9; Hebr.13:4 e.a.)
6. Ons glo dat die bloed van Jesus, kragtens die ryke genade van God, ons van alle sonde kan reinig. (1 Joh.1:7-9; Efe.1:7-8; Joh.8:34-37 e.a.)
7. Die Woord van die Here vra van al sy kinders om 'n heilige lewenswandel te hê en doelbewus teen die sonde te stry. (1 Tim.4:12; Hebr.12:4; 1 Pet.1:15 e.a.)
8. Die gemeente se deure staan in die liefde van Christus Jesus oop vir alle mense. (Fil.1:8;1 Tess.3:12; 2 Pet.1:7 e.a.)

**Die volgende kom onder meer in die beredenering ter sprake:**
Skrifgebruik (uitleg en vertolking van tekste), verstaan van die huwelik, etiek en moraliteit (onder meer sonde al dan nie), gesag van die Bybel.

**Presbytery of Central Africa (Ring van Sentraal-Afrika) (SGV)**

**The following decisions were made at the meeting of the Presbytery of Central Africa on 21 September 2016:**
1. We register our concern about the latest decision made by the General Synod regarding same sex civil unions, and are grateful that it will be scrutinized again.
2. We are convinced that the Bible message speaks against homosexual practices.
3. We find it regrettable that wider consultation did not take place before this decision was finalized, as it is now causing friction in the church.
4. Further, neither Zimbabwean nor Zambian law provides for same sex civil unions.
5. We recommend and urge General Synod to consult widely in the church and ecumenical world before a final decision is made and implemented.

**Die volgende kom onder meer in die beredenering ter sprake:**
Skrifgebruik (uitleg en vertolking van tekste), wyer ekumeniese konsultasie, Zimbabwiese en Zambiese wetgewing waarvolgens burgerlike verbintenisse ontoelaatbaar is.

**Prinsloo, PJG (SGV)**

**Die opsteller maak die volgende aanbevelings:**
- Die AS bevind dat die AS besluit van 2015 prosedureel asook belydenismatig onwettig was.
- Die AS besluit van 2015 word daarom geskrap en die besluit oor SGV van 2013 se AS geld.
- Die AS herbevestig dat alle lidmate, ook lidmate met SG seksuele oriëntasie, onderworpe is aan die kerklike opsig en tug.
- Die AS besluit om teologie studente (huidig en toekomstig) dringend te waarsku teen enige vorm van lering by die teologiese fakulteite wat in botsing met die NGK se belydenisskrifte is, soos sigbaar in die lering dat SGV aanneemlik is in God se wil vir Sy Koninkryk.

**Die volgende kom onder meer in die beredenering ter sprake:**
Kerkwees, belydenis en besluitneming in die NGK: Onderskeid tussen kerk en sekte, unieke band van Gereformeerde kerkgroeperinge, eed van leraars en gelowiges, ware Evangelie vs valse evangelie, natuur van die mens, genade, genadeverbond, liefde en die wet, bekering, Skrif en Openbaring.

**Riversdal NG Gemeente (SGV)**

**Die kerkraad stel die sinode in kennis van die volgende besluite:**
1. Ons verwerp die besluit van 2015 omdat ons glo dat dit strydig is met die Woord van God.
2. Ons verwerp die besluit van 2015 omdat ons glo dat dit die oorwinningskrag wat daar in Jesus Christus se dood en opstanding oor sonde is, inperk.
3. Ons verwerp die besluit van 2015 omdat ons glo dat hierdie besluit die NG Kerk verdeel en polariseer.

**Die kerkraad stel ook die volgende in die lig van hul beredenering:**
In die lig van bostaande het die kerkraad van Riversdal eenparig besluit om die Sinodale besluit van 2015 te verwerp en te staan by die tersaaklike Sinodale besluit van 2007. Ook skaar die kerkraad haar by alle gemeentes, ringe en sinodes wat die besluit van 2015 verwerp.

**Die volgende kom onder meer in die beredenering ter sprake:**
Gesag van die Skrif, Skrifgebruik (uitleg en vertolking van tekste), verstaan van die huwelik, verdeeldheid en polarisasie in die NGK, belydenisgrondslag.

**Robertson NG Gemeente (SGV)**

**Die gemeente beveel aan dat:**
Die besluite van die 2015 AS rakende SGV ter syde gestel word.

**Die volgende kom onder meer in die beredenering ter sprake:**
Etiek en moraliteit (onder meer sonde al dan nie), gesag van die Bybel.

**Saayman, C (SGV)**

**Die opsteller maak die volgende beswaar:**
Hiermee my beswaar teen genoemde besluit en beroep op die Sinode om die besluit te heroorweeg in die lig van die Skrif.

**Die volgende kom onder meer in die beredenering ter sprake:**
Skrifgesag, Skrifbeskouing.

**Schultz, H en Van Zyl, R (SGV)**

**Die opstellers beveel die volgende aan:**
1. Die Algemene Sinode herroep die besluite wat bots met die Kerkorde.
2. Die Algemene Sinode herroep voorts die Oktober 2015 besluit omdat hierdie besluit alle huidige homoseksueel georiënteerde-lidmate (ooreenkomstig die 2007 en 2012 se beleid as voorbeeld) van die sakrament van die doop ontneem, omdat die Oktober 2015 besluit nou ‘n nuwe doopformulier vir selfdegeslagverhouding lidmate (as alternatief tot die huwelik) noodsaak.
3. Die Algemene Sinode verbind die NG Kerk opnuut tot haar konstitusie soos ooreen-gekom met die parlement.
4. Die Sinode versoek lidmate om erns te maak met ons tweeduisend jaar tradisie (Johannes 17 vers 20) en herinner lidmate om weer ruimte te maak vir die prominente rol wat die Bybel in ‘n gelowige en die kerk se lewe speel.

**Die volgende kom onder meer in die beredenering ter sprake:**
Gesag van die Skrif, Skrifgebruik (uitleg en vertolking van tekste), verstaan van die huwelik,openbare belydenis van geloof, bevestiging van kerkraadslede, bevestiging van ‘n leraar of proponent, belydenisgrondslag, verstaan van die huwelik.

**Secunda-Oos NG Kerkraad (SGV)**

**Die kerkraad van die NGK Secunda-Oos stel voor:**
1. Dat die jongste besluit oor selfdegeslagverbintenisse van die AIgemene Sinode in revisie geneem word.
2. Dat die Sinode besluit om te volstaan by die vorige AIgemene Sinode besluit aangaande selfdegeslagverbintenisse (2011).

**Die volgende kom onder meer in die beredenering ter sprake:**
Skrifgebruik (uitleg en vertolking van tekste), verstaan van die huwelik, etiek en moraliteit (onder meer sonde al dan nie), gesag van die Bybel.

**Smit, HJW (SGV)**

**Die opsteller beveel aan dat:**
Die 2015 besluite rakende SGV ter syde gestel word.

**Die volgende kom onder meer in die beredenering ter sprake:**
Skrifgebruik (uitleg en vertolking van tekste), verstaan van die huwelik, argumente uit die mens- en natuurwetenskappe, belydenisgrondslag, kerkorde.

**Smit, JJ (SGV)**

**Die opsteller spreek hom uit teen die besluite van die 2015 AS rakende SGV.**

**Die volgende kom onder meer in die beredenering ter sprake:**
Skrifgebruik (uitleg en vertolking van tekste), verstaan van die huwelik, predikante en die bevestiging van Gay huwelike, etiek en moraliteit (onder meer sonde al dan nie), gesag van die Bybel. Ook proses en besluitneming.

**Smith, R (SGV)**

**Die volgende word voorgestel:**
Daarom stel ek voor, met uiterste dringendheid, dat alle besluite van die Algemene Sinode 2015 rakende “selfdegeslagverhoudings” herroep moet word.

**Die volgende kom onder meer in die beredenering ter sprake:**
Skrifgebruik (uitleg en vertolking van tekste), etiek en moraliteit (onder meer sonde al dan nie), gesag van die Bybel.

**Springs-Oos NG Gemeente (SGV)**

**In die gravamen word die volgende aanbeveel:**
1. Die Algemene Sinode kon nie ‘n besluit neem wat in stryd is met die Woord van God nie en daarom stel die Kerkraad van die Ned.Geref. Gemeente Springs-Oos voor dat die Besluit van 9 Oktober 2015 herroep en geskrap word.
2. Die Ned. Geref. Gemeente Springs-Oos stel voor dat die Algemene Sinode die besluite oor die huwelik en homoseksualiteit van 2004, 2007 en 2013 bevestig en daarmee die status quo volgens die vorige besluite van die Algemene Sinode handhaaf.

**Die volgende kom onder meer in die beredenering ter sprake:**
Gesag van die Skrif, verstaan van die huwelik, menswetenskaplike bevindings en die openbaring van God, belydenisgrondslag, gelegitimeerdes en selibaatskap, etiek en moraliteit (onder meer sonde al dan nie).

**Strauss, S (Belydenis van Belhar)**

**Die opsteller stel die saak soos volg:**
Daarom rig ons hierdie beswaarskrif aan die sinode en vra dat huidige besluit rondom die belydenis van Belhar herroep sal word en uitvoering gegee sal word aan die besluit volgens die stemming oor hierdie saak volgens Artikel 44 van die Kerkorde.

**Die beredenering lui onder meer soos volg:**
Ons kan ook nie Belhar in sommige gemeentes toelaat nie, want aangesien almal deel is van die NG Kerk familie, word ander gemeentes ook tot Belhar verbind. Die NG Kerk moet uit een mond praat rondom sy belydenisskrifte wat tog verduidelik hoe ‘n kerk die Bybel verstaan. Daarom my voorstel dat Belhar nie as belydenisskrif aanvaar word nie.

**Strauss S (SGV)**

**Die opstellers maak die volgende aanbevelings:**
- dat die NG Kerk sinode moet terugkeer na die status quo soos wat dit was voor 2015 Algemene Sinode, met ander woorde hier word revisie gevra van 2015 se besluite.

- Die NG Kerk word ook versoek om homoseksualiteit as sonde te erken en daaroor te preek en so leiding te gee aan sy lidmate.

**Die volgende kom onder meer in die beredenering ter sprake:**
Skrifgebruik (uitleg en vertolking van tekste), verstaan van die huwelik, etiek en moraliteit (onder meer sonde al dan nie), gesag van die Bybel.

**Strauss, WD (Belydenis van Belhar)**

**In die gravamen word aanbeveel dat:**
Die Belydenis van Belhar nie as belydenisskrif aanvaar word nie.

**Die volgende kom onder meer in die beredenering ter sprake:**
Skrifgebruik (uitleg en vertolking van tekste), ideologiese en politieke standpunte.

**Strauss, WD (SGV)**

**Die opsteller doen die volgende beroep op die sinode:**
Die opsteller van die gravamen doen ‘n ernstige beroep op sinodegangers om dringend ‘n baie sterk standpunt teen die besluite van die 2015 AS rakende SGV te stel.

**Die volgende kom onder meer in die beredenering ter sprake:**
Skrifgebruik (uitleg en vertolking van tekste), etiek en moraliteit (onder meer sonde al dan nie), gesag van die Bybel.

**Suiderstrand (lidmategroep) (SGV)**

**Die opsteller van die gravamen (C Smit) en dertig lidmate rig die volgende versoek tot die sinode:**
Dat revisie geneem word van die besluit oor selfdegeslagverhoudings wat deur die AS in 2015 geneem is en dat die volgende vier voorstelle in die plek daarvan oorweeg sal word, naamlik:

- dat ‘n homoseksuele leefstyl deur die NG kerk as sonde beskou en hanteer sal word,
- dat die huwelik in ere herstel sal word as die enigste legitieme ruimte waarbinne geslagtelike omgang mag geskied en wel slegs tussen een man en een vrou en dat geen homoseksuele verhoudings en verbintenisse die kerk se goedkeuring wegdra nie,
- dat die kerk sy profetiese roeping vervul deur die die humanistiese aard van die gay-regte beweging uit te wys en nie die kerklike lewe daarvolgens kompromitteer nie,
- dat die kerk sy bediening aan homoseksuele persone opskerp deur hulle in liefde te ontvang en saamwerk met bestaande bedieninge wat homoseksuele persone help om vry te kom van ‘n homoseksuele leefstyl.

**Die volgende kom onder meer in die beredenering ter sprake:**
Skrifgebruik (uitleg en vertolking van tekste), verstaan van die huwelik, belydenisgrondslag, sekulêr-humanistiese beweging, menseregte, genetiese- en biologiese faktore, die interaksie tussen psigologiese-, omgewings- en temperament invloede en keuses.

**Theron, J (SGV 2016, Belhar en Art 44 van die Kerkorde) – Verwys na Algemene Taakspan Regte**

**Die opsteller maak die volgende voorstelle:**
1. Die Sinode neem die 2016 Spesiale Algemene Sinode se besluit oor die gay vraagstuk in Revisie **(NIE ONTVANKLIK)**

2. Die Sinode besluit, vanweë die verskillende moontlike interpretasies van die enkele onverduidelikte tekste in die Bybel oor die eties komplekse gay vraagstuk, om selfdegeslagverbintenisse van Christen gelowige gay persone toe te laat wat gekenmerk word deur liefde, trou en verantwoordelikheid teenoor God.

3. Die Sinode neem Kerkorde Artikel 44 in revisie.

4. Die Sinode besluit dat die enigste grondslag vir die aanvaarding van ’n Belydenisskrif Skriftuurlikheid is en dat daar by wyse van approbasie slegs Skriftuurlike gronde oorweeg kan word in die besluitneming oor Belydenisvorming of kerkvereniging.

5. Die Sinode aanvaar die Belhar Belydenis.

6. Die Sinode besluit om een te word met die VGK.

**Wysiging van Artikel 44 van die *Kerkorde* - Verwys na Algemene Taakspan Regte.**

**Van Wyk, C (SGV)**

**Die opsteller het twee gravamina ingedien. In die eerste gravamen (2016) word die volgende aanbevelings gemaak:**
6.1.1 Die buitengewone Algemene Sinode van 2016 besluit dat die besluite oor selfdegeslagverhoudings van die Algemene Sinode van 2015 in stryd is met artikel 1 van die kerkorde van die NG Kerk wat as volg bely: “Die Nederduitse Gereformeerde Kerk staan gegrond op die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God. Die leer wat die Kerk in ooreenstemming met die Woord van God bely, staan uitgedruk in die Formuliere van Eenheid soos vasgestel op die Sinode van Dordrecht in 1618-1619, naamlik die sewe en dertig artikels van die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die vyf Dordtse Leerreëls."
6.1.2 Die buitengewone Algemene Sinode van die NG Kerk 2016 aanvaar die onderstaande standpunt (6.2.1 – 6.2.7) oor die status van selfdegeslagverhoudings in die lig van die Gereformeerde tradisie en die Skrif as in ooreenstemming met artikel 1 van die kerkorde van die NG Kerk.
6.1.3 Hierdie besluit in 6.1.1 en hierdie standpunt in 6.1.2 – soos hieronder verwoord in 6.2.1 – 6.2.7 – herroep enige vorige besluit en standpunt van die NG Kerk oor die status van selfdegeslagverhoudings.

**6.2 STANDPUNT OOR SELFDEGESLAGVERHOUDINGS**
**6.2.1 GESKREWE WOORD VAN GOD**
Die Geskrewe Woord van God is ons uitgangspunt in alle sake van leer en lewe. Ons bely dat hierdie Woord van God nie deur die wil van 'n mens gestuur of voortgebring is nie, maar die heilige mense van God het dit, deur die Heilige Gees gedrywe, gespreek, soos die heilige Petrus sê (Nederlandse Geloofsbelydenis [NGB] artikel 2; 2 Pet. 1:21). Ons aanvaar die gesag van al die boeke van die Bybel, en beskou hulle alleen, as heilig en kanoniek om ons geloof daarna te rig, daarop te grondves en daarmee te bevestig. Ons glo ook sonder twyfel alles wat daarin vervat is, nie juis omdat die kerk hulle aanvaar en as sodanig beskou nie, maar veral omdat die Heilige Gees in ons hart getuig dat hulle van God is (NGB 5).

Ons glo dat hierdie Heilige Skrif die wil van God volkome bevat en dat alles wat die mens vir sy saligheid moet glo, daarin voldoende geleer word. Die Skrif is gesaghebbend vir die lewe van gelowiges, omdat dit betroubaar, helder en genoegsaam is. Aangesien die hele wyse

waarop God deur ons gedien moet word, daarin breedvoerig beskrywe word, mag ook niemand, selfs nie die apostels nie, anders leer as wat ons reeds deur die Heilige Skrif geleer word nie - ja, al was dit ook 'n engel uit die hemel, soos die apostel Paulus sê (Gal. 1:8). En aangesien dit verbode is om iets by die Woord van God by te voeg of daarvan weg te laat (Deut. 12:32), blyk dit duidelik dat die leer daarvan heeltemal volmaak en in alle opsigte volkome is.

Ons mag ook geen geskrifte van mense, hoe heilig die mense ook al was, met die Goddelike Skrif gelykstel nie; ook mag ons nie die gewoonte of die groot getalle of oudheid of opvolging van tye of van persone of kerkvergaderings, verordeninge of besluite met die waarheid van God gelykstel nie, want die waarheid is bo alles. Alle mense is immers uit hulleself leuenaars en nietiger as die nietigheid self (Ps. 62:10). Ons verwerp daarom met ons hele hart alles wat nie met hierdie onfeilbare reël ooreenkom nie, soos die apostels ons leer as hulle sê: '...maar stel die geeste op die proef of hulle uit God is' (1 Joh. 4:1), 62 en: 'As iemand na julle kom en hierdie leer nie bring nie, ontvang hom nie in die huis nie...' (2 Joh. 10) - NGB 7.

Die kerk self moet met sy leer, tradisie, belydenis en praktyk in alles aan die Skrif onderworpe bly. Vir die Reformasie is die Skrif alleen die hoogste en finale gesag wat die leer en lewe van die kerk betref, die norm waaraan alles gemeet moet word, die laaste skeidsregter in al die geskille, die bron en norm van die belydenis en verkondiging van die kerk.

Die wyse waarop die inspirasie van die Bybel as die Woord van God plaasgevind het, word getipeer as organiese inspirasie. Dit beteken dat God die skrywers se arbeid so geïnspireer het dat dit wat hulle geskryf het, sy openbaring effektief en voldoende oordra. Hierdie inspirasie het egter nie gebeur met uitsluiting van die skrywers se eie persoonlikhede, agtergrond en ander omstandighede nie; hulle het elkeen geskryf binne die konteks van hulle eie kultuurhistoriese situasie.

Hierdie organiese inspirasie teorie hou dus in dat dit ongeldig is om te stel dat sekere dele van die Bybel menslik is, asof die Bybelleser dan die goddelike dele uit die Bybel moet selekteer. Die hele Bybel is terselfdertyd Goddelik en menslik. Meer noukeurig geformuleer: die Bybel is honderd persent God se Woord en honderd persent deur mense geboekstaaf.

Ons verstaan van die teks (hermeneutiek) moet dus op die verklaring van die teks (eksegese) gebaseer word, omdat dit die geïnspireerde Woord van God is, in sy Goddelike en menslike karakter. In ons nadenke en besluite oor selfdegeslagverhoudings soek ons vanuit die vertrekpunt eerlik na maniere om die Bybelse gegewens betekenisvol binne die konteks te interpreteer. Die leer van die belydenisskrifte begelei ons egter in die formulering van ons standpunt.

**6.2.2 SONDE**

Dit is duidelik dat alle mense geskep is na die beeld van God en daarom menswaardig is voor Hom (Heidelbergse Kategismus [HK] vraag 6). Dit is egter ook duidelik dat alle mense sondig is weens die erfsonde sowel as hulle eie moedswillige sondes en daarom skuldig en verlore is voor God (HK vr. 7- 9). Dit is die gevolg van die sondeval waaraan die mens hom willens en wetens onderwerp het ( NGB 14; Rom. 1:20-21). Dit bevestig dat die sondes wat bv. in Romeine 1 uitgespel word die gevolg is van die sondeval wat selfdegeslag seksuele gedrag insluit.

Die Algemene Openbaring is eintlik al genoeg om mense hiervan te oortuig en van enige verontskuldiging te ontneem in terme van wat vir ons in hierdie lewe nodig is om tot God se eer en tot die saligheid van hulle wat aan Hom behoort, te lewe. Die Besondere Openbaring van die Geskrewe Woord van God spel dit egter nog meer duidelik en meer volkome uit as die Algemene Openbaring (NGB 2; Rom. 1:20). Die Algemene Openbaring is dus nie in

stryd met die Besondere Openbaring nie en kan nie iets anders vir ons sê as wat die Besondere Openbaring doen nie. Die Algemene Openbaring kan nie gebruik word om mense te verontskuldig van sondes wat deur die Besondere Openbaring voor die deur van mense gelê word nie.

Dit is egter ook belangrik om te bely dat God in sy voorsienigheid nie verantwoordelik is vir die sonde nie. Hy is nie die bewerker van die sonde nie en dra ook nie die skuld daarvoor nie. Niemand kan God dus vir die onbetaamlike dinge verwyt wat hulle doen weens hulle verdraaide opvattings nie, onder andere in terme van selfdegeslag seksuele gedrag soos in Romeine 1 uitgespel word nie (NGB 13; Rom. 1:10).

God doen dus die mens nie 'n onreg aan as Hy in sy wet van hom eis wat hy tog nie kan doen nie, want God het die mens so geskep dat hy dit kon doen. Die ongemaklike waarheid is dat: "die mens homself en sy hele nageslag as gevolg van die aanhitsing van die duiwel en deur moedswillige ongehoorsaamheid van hierdie gawes beroof het." (HK vr. 9; Ef. 4:24; Gen. 3:13; 1 Tim. 2:13, 14; Gen. 3:6; Rom. 5:12).

Dit roep onmiddellik die vraag na vore: "Wil God hierdie ongehoorsaamheid en afval ongestraf laat bly?" Die antwoord is, nee, glad nie. "Inteendeel, sy toorn is verskriklik (HK vr. 10; Gen. 2:17; Rom. 5:12) sowel oor die erfsonde as oor die sonde wat ons self doen: Hy wil dit in die tyd en in die ewigheid met 'n regverdige oordeel straf (Ps. 50:21; 5:6; Nah. 1:2; Eks. 20:5; 34:7; Rom. 1:18; Ef. 5:6)". Dit sluit die hele lys van sondes in Romeine 1 in wat selfdegeslag seksuele gedrag inkorporeer. "God het immers gesê: Vervloek is elkeen wat nie bly in alles wat geskryf is in die boek van die wet om dit te doen nie (Deut. 27:26; Gal. 3:10)".

Dit is dus duidelik dat die wet van God steeds van krag bly in die gestalte van 'n tugmeester na God toe vir diegene wat hulle skuldig maak aan die sondes wat in Romeine 1 genoem word, onder andere die seksuele onreinheid van die skandelike drifte, teen-natuurlike, en perverse selfdegeslag seksuele gedrag soos Romeine 1 dit uitspel. Die gestalte van die wet as tugmeester sal wel in die derde deel van die Heidelbergse Kategismus verander na die gestalte van die wet as reël van dankbaarheid. Maar, die oordeel van die wet sal steeds van krag bly op mense wat in hulle goddelose, ondankbare lewe volhard en hulle nie tot God bekeer nie, soos vraag 87 dit duidelik maak. Die saligheid word vir sulke mense toegesluit.

### 6.2.3 VERLOSSING

Ons bely dat Christus ons aan die kruis van ons sondes verlos het waarmee Hy ons met God versoen het (NGB 21; 1 Tim. 1:15). Dit onderstreep die betroubaarheid van die boodskap van versoening vir sondaars wat in die konteks van die aanhaling uit Timoteus selfdegeslag seksuele gedrag insluit. Die sondaars waarna hier verwys word, het Paulus in die vorige perikoop beskryf in die sondelysie in vers 9 - 10, wat onder andere pornois (ontugtige mense/manlike prostitute) en arsenokoitais (mans wat met mans intiem verkeer) insluit.

Elkeen wat dus sy toevlug onder leiding van die Heilige Gees (HK vr. 65; Ef. 2:8) tot ons Middelaar en Verlosser, Jesus Christus, neem met ’n ware geloof, word deur Hom van hulle sondes verlos (HK vr. 29;). Hierdie ware geloof beteken om alles te glo wat in die evangelie aan ons beloof word en wat die artikels van ons algemene en ongetwyfelde Christelike geloof, onder andere die Apostoliese Geloofsbelydenis, ons in hoofsaak leer (HK vr. 22; vr. 61; 1 Joh. 5:10). Dit regverdig ons in Christus voor God en maak ons ’n erfgenaam van die ewige lewe (HK vr. 59; Rom. 1:17). Hiervan is die doop die teken (HK vr. 72; 1 Joh. 1:7; 1 Kor. 6:11) en die nagmaal die versekering (HK vr. 75; Mark. 26:24-26).

Deur die doop word alle gelowiges in die kerk van God opgeneem en van alle ongelowiges en vreemde godsdienste afgesonder om heeltemal sy eiendom te wees en sy merkteken en

vaandel te dra (NGB 34). Die doop besprinkel die siel en reinig dit van sy sondes en laat ons, wat kinders van die toorn is, as kinders van God weergebore word. Hy beklee ons met die nuwe mens en ontklee ons van die ou mens en al sy werke, wat die afwassing van selfdegeslag seksuele gedrag insluit (1 Kor. 6:11).

Nie alle mense ontvang egter hierdie wonderlike evangelie deur ’n ware geloof nie en bly daarom verlore (HK vr. 20). Niemand kan verder ook salig word wat in hulle goddelose ondankbare lewe volhard en hulle nie tot God bekeer nie (HK vr. 87; 1 Kor. 6:9-10; Ef. 5:5; 6:1; 1 Joh. 3:14). Maar die wat met die bloed en Gees van Christus gewas is, ontvang van God vergewing van sonde uit genade ter wille van die bloed van Christus wat Hy in sy offer aan die kruis vir ons gestort het (HK vr. 70; Hebr. 12:24; 1 Petr 1:2; Openb. 1:5; 7:14; Sag. 13:1; Eseg. 36:25). Vir alle kinders van die Here is dit die vertrekpunt in verlossing, om vergifnis van sonde uit genade te ontvang. Dit is waarom daar 'n kruis was om deur die bloed van Christus vir ons vryspraak te koop.

Dit beteken verder om deur die Heilige Gees vernuwe en as lede van Christus geheilig te wees sodat ons die sonde hoe langer hoe meer afsterwe en godvresend en onbesproke lewe (HK vr. 70; Joh. 1:33; 3:5; 1 Kor. 6:11; 12:13; Rom. 6:4; Kol. 2:12). 1 Kor. 6:11 verwys in die geval na onder andere die sondes van malakoi en arsenokoitai - die woorde vir passiewe en aktiewe selfdegeslag seksuele partye - sowel as pornoi (onsedelikheid in die algemeen) en moichoi (egbreuk) in die vorige twee verse.

Hieroor verklaar die teks: "so was party van julle juis ook. Maar julle het julle sondes laat afwas, julle is geheilig, julle is vrygespreek in die Naam van die Here Jesus Christus en deur die Gees van God.” Vraag 72 eggo dit deur weereens 1 Kor. 6:11 te koppel aan die reiniging van alles sondes. Selfdegeslag seksuele gedrag word dus deur die HK beskou as iets waarvan ’n mens gereinig moet word.

Die verlossing van sonde is dus duidelik ook van die seksuele gedrag wat met malakoi en arsenokoitai geassosieer word, sodat die vernuwing van die Heilige Gees gelowiges kan help om onder andere selfdegeslag seksuele gedrag af te sterwe om godvresend en onbesproke te kan lewe.

**6.2.4 DANKBAARHEID**

Ons dankbaarheid bestaan uit twee dele: die afsterwing van die ou mens en die opstanding van die nuwe mens (HK vr. 88; Ef. 4:22-24). Ons betoon ’n hartlike berou oor ons sondes wat God vertoorn het en vlug daarvan weg (HK vr 89; Rom. 8:13). Ons staan op met 'n hartlike vreugde in God deur Christus en leef met 'n lus en liefde volgens die wil van God in alle goeie werke wat Hy vir ons voorberei het (HK vr. 90; Gall. 2:20). Hierdie goeie werke word uit ’n ware geloof (HK vr. 90; Rom. 14:23), volgens God se wet (Lev. 18:4) tot sy eer (1 Kor. 10:31), en nie op grond van ons goeddunke gedoen nie (Matt. 15:7-9), soos veral die Tien Gebooie dit uitspel (HK vr. 92 vv.).

Hierin volg ons ook die Sewende Gebod na wat ons leer dat alle onkuisheid deur God vervloek is (HK 108; Lev. 18:28), en dat ons dit daarom hartgrondig moet haat (Jud. 1:23). Daarenteen moet ons kuis en ingetoë lewe (1 Tess. 4:3-5) sowel binne as buite die huwelik (Hebr. 13:4; 1 Kor. 7:7). God verbied met hierdie gebod nie net egbreuk en sulke skandes nie, maar alle onkuise dade, gebare, woorde (HK vr. 109; Ef. 5:3,4; 1 Kor. 6:18,19), gedagtes, luste (Matt. 5:27-28) en alles wat 'n mens daartoe kan verlei (Ef. 5:18; 1 Kor. 15:33).

Dit sluit dus selfdegeslag seksuele gedrag in, soos die opsommende aanhaling van Lev. 18:28 aantoon, en Ursinus in sy Kommentaar op sy Kategismus uitlê. Hy noem selfdegeslag seksuele gedrag ’n verwarring van geslagte en ’n misbruik van vroulike seksualiteit. Hoekom word dit so sterk afgekeur saam met al die ander sondes wat hiermee verband hou? Die

Kategismus antwoord: omdat beide, ons liggaam en siel, 'n tempel van die Heilige Gees is, en God wil hê dat ons altwee rein en heilig sal bewaar.

**6.2.5 GELOOFSGEMEENSKAP**

Ons glo en bely 'n enige katolieke of algemene kerk, 'n heilige vergadering van almal wat waarlik in Christus glo, wat almal hulle volle saligheid in Jesus Christus verwag en in sy bloed gewas is, geheilig en verseël deur die Heilige Gees (NGB 27). Ps. 46:6; Jer. 31:36; Ps. 102:14; Matt. 28:20.

Ons glo dat alle gelowiges verplig is om by hierdie kerk aan te sluit en hulle daarmee te verenig om die eenheid van die kerk te bewaar deur hulle almal – as lede van een en dieselfde liggaam - aan sy leer en tug te onderwerp, die nek onder die juk van Jesus Christus te buig en volgens die gawes wat God aan elkeen gegee het, die medegelowiges in die opbou van hulle geloof te dien (NGB 28; HK vr. 54). Ps. 5:6; 22:23; Ef. 4:12; Heb. 2:12; Matt. 24:28.

Die kenmerke waaraan ons die ware kerk kan uitken, is die volgende: Wanneer die kerk die evangelie suiwer preek, die sakramente suiwer bedien soos Christus dit ingestel het en die kerklike tug gebruik om die sondes te straf - kortom, wanneer almal hulle ooreenkomstig die suiwere Woord van God gedra, alles wat daarmee in stryd is, verwerp en Jesus Christus as die enigste Hoof erken (NGB 29). Matt. 13; 2 Tim. 2:18-20; Rom. 9:6; Ef. 2:20; Joh. 10:4, 14; Matt. 28:20; Gal. 1:8; 1 Kor. 11:20; Kol. 1:23; Hand. 17:11; Joh. 18:37; Ef. 1; Joh. 8:47; 17:20; 1 Joh. 4:2 (en 3:9); Rom. 6:2; Gal. 5:17, 24; Rom. 7:5; Kol. 1:12; 2:18-19; Ps. 2:3; Op. 2:9; 17:3; Joh. 16:2.

Lidmate van die kerk kan uitgeken word aan die kenmerke van die Christene, naamlik hulle geloof dat hulle die enigste Verlosser Jesus Christus aangeneem het en dat hulle daarna die sonde ontvlug, die geregtigheid najaag, die ware God en hulle naaste liefhet, nie na regs of links afwyk nie en hulle sondige natuur met sy werke kruisig. Hiermee sê ons nie dat daar nie nog groot swakheid in hulle is nie; inteendeel, deur die Gees stry hulle juis al die dae van hulle lewe daarteen, terwyl hulle altyd weer hulle toevlug neem tot die bloed, die dood, die lyding en gehoorsaamheid van die Here Jesus Christus, in wie hulle deur die geloof in Hom vergewing van hulle sondes het (NGB 29).

Ons aanvaar die liefde van Christus as die wesenlike grondhouding waarop alle verhoudinge binne en buite die geloofsgemeenskap gebaseer moet word (HK vr. 32). In Christus word alle gelowiges verlos om deel van die geloofsgemeenskap te wees, en deur die Gees met die volheid van God vervul. Alle gelowiges se identiteit word daarom bepaal deur hulle geloof in Christus, nie deur enige ander eienskap nie, ook nie hulle seksualiteit nie. Hand. 11:26; 1 Kor. 6:15; 1 Joh. 2:27; Hand. 2:17. Matt. 10:32; Rom. 10:10; Rom. I2:1; 1 Pet. 2:5, 9; Openb. 1:6; 5:8, 10; 1 Pet. 2:11; Rom. 6:12, 13; Gal. 5:16, 17; Ef. 6:11; 1 Tim. 1:18, 19; 2 Tim. 2:12; Matt. 25:34.

Alle mense, ongeag hulle seksuele aangetrokkenheid en/of oriëntasie, is ingesluit in God se liefde en behoort op grond van hulle doop en geloof as volwaardige lidmate van die kerk van Christus aanvaar te word. Onder volwaardige lidmaatskap word verstaan toegang tot die sakramente, toegang tot die ampte en onderworpenheid aan die kerklike tug.

Persone wat 'n selfdegeslag aangetrokkenheid en/of oriëntasie beleef, mag volledig tot die besondere ampte toegelaat word op voorwaarde dat hulle ‘n selibate lewenstyl beoefen.

**6.2.6 HUWELIK**

Die huwelik tussen een man en een vrou is ‘n belangrike instelling van God. Dit is gemik op 'n eksklusiewe, vaste verhouding in wedersydse liefde en trou tussen twee persone van die

teenoorgestelde geslag. Enige ander seksuele verhouding is teen die leer van die Skrif en die belydenisskrifte.

Ons vertolk die Skrifgegewens oor selfdegeslag seksuele gedrag nie net as as ’n afwysing van sekere destruktiewe vorme daarvan nie, maar as ’n afwysing van alle selfdegeslag seksuele gedrag, sonder dat die Skrif ’n uitspraak lewer oor homoseksuele of enige ander gender identiteit as sodanig. Dit beteken dat daar geen ruimte vir selfdegeslagverhoudings is nie, selfs nie as dit in liefde en trou gesluit word nie.

Sowel heteroseksuele as homoseksuele of enige ander promiskuïteit - d.w.s. enige seksuele gedrag buite die veilige ruimte van die huwelik - word as destruktiewe en sondige gedrag afgekeur. Daar is dus ook geen ruimte vir enige ander seksuele verhouding wat begrond word op die velerlei gender identiteite waarmee mense vandag identifiseer, ook nie bestialiteit of enige ander perverse seksuele gedrag nie. HK vr. 108-109; Gen. 1:27; 2:24-25; Matt. 19:4-6; Lev. 18:28; Jud. 1:23; 1 Tess. 4:3-5; Hebr. 13:4; 1 Kor.7:7; Ef. 5:3,4; 1 Kor. 6:18,19; Matt. 5:27,28; Ef. 5:18; 1 Kor. 15:33.

**6.2.7 PASTORALE ONDERSTEUNING**
Die geloofsgemeenskap is die primêre ruimte waarin familiebande gesluit en gekoester moet word, ook geestelike familiebande (Matt. 12:48-50; Mark. 10:29-31). Dit leer die nagmaal ons wat ingestel is om diegene te voed en te onderhou wat God reeds wederbaar en in sy huisgesin, die kerk, ingelyf het. Nou het die wat weergebore is, tweerlei lewe in hulle: die een liggaamlik en tydelik, wat hulle van hulle eerste geboorte saamgebring het en wat alle mense besit; die ander geestelik en hemels, wat aan hulle gegee word in die tweede geboorte, wat deur die Woord van die evangelie in die gemeenskap van die liggaam van Christus plaasvind (NGB 35). Matt. 26:26; Mark. 14:17; Luk. 22:19; 1 Kor. 11:24, 28; Joh. 3:6; 10:10.

Die kerk behoort daarom ondersteuningsisteme daar te stel en pastorale sorg waar nodig te verskaf aan gelowiges wat op die een of ander wyse die werklikheid van selfdegeslag aangetrokkenheid en/of oriëntasie beleef en/of enige ander seksuele aangetrokkenheid. Gelowiges wat sulke aangetrokkenhede beleef, moet begelei word tot die verwesenliking van God se skeppingsdoel met man en vrou deur of die huwelik of die beoefening van ‘n selibate lewenstyl binne die geestelike familiebande wat ons in die geloofsgemeenskap aan mekaar verbind.

**Die volgende kom onder meer in die beredenering van die gravamen ter sprake:**
Algemene openbaring (hoe ons God leer ken uit Sy skeppingswerk) en besondere openbaring (hoe ons God leer ken uit die Bybel), genetiese- (biologiese-) en omgewingsfaktore, gesag van die Bybel, Skrifgebruik (uitleg en vertolking van tekste), antropologie, verstaan van die huwelik, verstaan van ouerskap, etiek en moraliteit (selfdegeslag seksuele gedrag), belydenisgrondslag. Besluit aanvaar op grond van 'n onvolledige verslag waaraan doelbewus geen aanbevelings gekoppel was nie.

**Sien ook verslag oor prosedurele besware.**

**Van Wyk, C  Aanvullend (2019) (SGV)**

**Die opsteller het na die hofuitspraak in Maart 2019 ‘n tweede gravamen ingedien. Die gravamen hierbo (2016) dien as motivering vir die volgende aanbevelings wat die opsteller aan die AS voorlê:**

1. Die Algemene Sinode neem kennis van die verloop van die saak rondom selfdegeslagverhoudings, insluitende:

1.1 Die Algemene Sinode van 2015 en die Buitengewone Algemene Sinode van 2016 se besluite;

1.2 Die 2019 hooggeregshofbesluit van die Noord-Gautengse hooggeregshof (hierna "die uitspraak" genoem);

1.3 Die feit dat in hierdie sekulêre forum die finale besluit oor die "Substantiewe hersieningsgronde", uiteengesit in paragrawe [62] - [92] van die uitspraak, by die Grondwet Hof berus.

2. Die Algemene Sinode neem verder kennis daarvan dat die Goddelike openbaring wat in die Heilige Skrif vir ons opgeteken is, die oppergesag vir die geloof, leer en lewe van alle lede van die kerk is (Kerkorde artikel 1), ongeag wat 'n sekulêre hof kan bevind en dat daar dus 'n dringende behoefte is vir die kerk om finaal te beslis oor wat die Heilige Skrif van haar leerstellig vereis in die saak rondom selfdegeslagverhoudings.

3. Die Algemene Sinode besluit:

3.1 Dat die besluite van die Algemene Sinode 2015 rondom selfdegeslagverhoudings hersien en ter syde gestel word.

3.2 Dat die besluite van die Buitengewone Algemene Sinode 2016 rondom selfdegeslagverhoudings hersien en ter syde gestel word sover dit nodig is.

4. Die Algemene Sinode besluit verder en bevestig:

4.1 Dat die huwelik deur God ingestel is as ’n heilige en lewenslange verbintenis tussen een man en een vrou (Gen 2:18-25; Matt 19:4-6).

4.2 Dat die gawe van seksuele gemeenskap, "om een vlees te word", net binne so 'n huwelik geniet mag word.

4.3 Dat alle mense deur God na sy beeld en na sy gelykenis geskep is, as man en vrou (Gen 1:26-27).

4.4 Dat God die wêreld so lief het, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê (Joh 3:16).

4.5 Dat alle mense daarom, onder andere ongeag hulle geslag of seksuele oriëntasie, met liefde, waardigheid en genade behandel moet word.

4.6 Dat lidmate van die kerk slegs gelegitimeer en georden mag word as leraars, of as ouderlinge en diakens of in enige ander posisie van leierskap in die kerk gekies en bevestig mag word in soverre hulle gehoorsaam is aan die Bybelse waarhede wat in 4.1-4.4 hierbo bely word.

4.7 Dat daar geen onderskeid of uitsondering gemaak mag word ten opsigte van gehoorsaamheid aan 4.1-4.4 hierbo in terme van die seksuele gedrag of die sluit van verhoudings, verbintenisse of huwelike tussen lidmate nie, ongeag hulle seksuele oriëntasie.

4.8 Dat die liefde van die Here Jesus Christus van ons vereis om te alle tye die etiese eise van die Skrif op 'n liefdevolle pastorale manier toe te pas.

5. Die Algemene Sinode bevestig hiermee dat die kerk alle mense verwelkom wat hulle verwagting stel in die vergifnis, genesing en heelheid wat die Here Jesus Christus alleen vir ons kan bring om gehoorsaam te wees aan 4.1-4.4 hierbo.

**Victoria-Wes NG Gemeente - Begeleidende brief by Duminy en Botha (SGV)**

**In die brief word die volgende gestel:**

- Dat daar diep verdeeldheid in die gemeente bestaan oor SGV.
- Dat een groep die ter sake Skriftekste as onduidelik oor hierdie saak beskou, en gelei voel om volgens “die sentrale kenmerke van Jesus se bedieningspatroon” hieroor te dink en te handel.
- Dat ‘n ander groep die Skrif duidelik as téén SGV interpreteer en gevolglik nie kan saamgaan met die besluite van die 2015 AS hier rakende nie.

**Die volgende kom onder meer in die beredenering ter sprake:**
Algemene openbaring (hoe ons God leer ken uit Sy skeppingswerk) en besondere openbaring (hoe ons God leer ken uit die Bybel), Skrifgebruik (uitleg en vertolking van tekste), verstaan van die huwelik, gesag van die Bybel.

**Viljoen, G (SGV)**

**Die opsteller maak die volgende voorstel:**
Aangesien die saak nou meer as 20 jaar sloer en ander gemeenskappe en kerk die spot met ons dryf en gemeentelede van die NG kerk nie meer vertroue het in die sinode nie stel ek die volgende voor

1.Ons hou ‘n referendum in die NG kerk “vir of teen selfdegeslagverhoudings”

2.Die groep wat sê seldegeslagverhoudings is sonde bly bestaan as NG kerk. Die ander wat sê dis nie sonde nie stig hul eie kerk weg van die NG Kerk.

**Die volgende kom onder meer in die beredenering ter sprake:**
Skrifgebruik (uitleg en vertolking van tekste), daar is nie ‘n middeweg nie.

**Vosloo, B en M (SGV)**

**Die opstellers beveel aan dat:**
Die besluite van die 2015 AS rakende SGV ter syde gestel word.

**Die volgende kom onder meer in die beredenering ter sprake:**
Algemene openbaring (hoe ons God leer ken uit Sy skeppingswerk) en besondere openbaring (hoe ons God leer ken uit die Bybel), Skrifgebruik (uitleg en vertolking van tekste), verstaan van die huwelik, gesag van die Bybel.

**Vosloo, M (SGV)**

**Die opstellers stel die volgende:**

- Die AS ernstig gedwaal het met die besluite van 2015 rakende SGV.
- Dat daar weer na die verslag oor SGV van die 2007 AS gekyk sal word.

**Die volgende kom onder meer in die beredenering ter sprake:**
Skrifgebruik (uitleg en vertolking van tekste), verstaan van die huwelik, argumente uit die mens- en natuurwetenskappe.

**Witbank NGK Ring (SGV)**

**Die ring maak die volgende aanbeveling:**
Die Ring van Witbank beveel aan dat alle besluite van die Algemene Sinode 2015 rakende Selfdegeslagverhoudings, ter syde gestel word.

**Die volgende kom onder meer in die beredenering ter sprake:**
Skrifgebruik (uitleg en vertolking van tekste), verstaan van die huwelik, gesag van die Bybel.

**Witbank-Panorama NG Kerkraad (SGV)**

**Die gemeente beveel aan dat:**
- Die besluite van die 2015 AS rakende SGV ter syde gestel word
- Die AS lidmate van die NGK om verskoning vra oor die feit dat die sinode onder die druk geswig het om wat God as sonde beskou goed te praat.
- AS herbevestig dat die Woord van God bo alle ander algemene openbarings prioriteit neem en dat die NGK as kerk van die Reformasie sal staan by die belydenis, *Sola Scriptura – Slegs die Woord.*
- Die NGK afstap van die tema van SGV en fokus op die prioriteite van die Kerk soos wat God dit aan die kerk opgedra het.
- Dat daar nie weer in die toekoms besluite geneem word wat die leer van die kerk raak, alvorens daar nie met al die streeksinodes na behore gekonsulteer is nie.

**Die volgende kom onder meer in die beredenering ter sprake:**
Algemene openbaring (hoe ons God leer ken uit Sy skeppingswerk) en besondere openbaring (hoe ons God leer ken uit die Bybel), Skrifgebruik (uitleg en vertolking van tekste), verstaan van die huwelik, belydenisgrondslag, etiek en moraliteit (onder meer sonde al dan nie), gesag van die Bybel.

**Witbank-Suid NG Gemeente (SGV)**

**Besluit van die Kerkraad van die NG Kerk Witbank-Suid:**
1. Op grond van ons verstaan van die Woord van God kan ons nie saamstem met die besluit van die Algemene Sinode (2015) ten opsigte van selfdegeslagverhoudings nie.

2. Die kerkraad distansieer hom van hierdie besluit. Die [kerkraad] volstaan met die besluit van die Algemene Sinode van 2007.

**Die volgende kom onder meer in die beredenering ter sprake:**
Skrifgebruik (uitleg en vertolking van tekste), verstaan van die huwelik, gesag van die Bybel.

**Witbank-Vallei NG Gemeente (SGV)**

**Die gemeente beveel aan dat:**

Die Kerkraad van Witbank-Vallei NG Gemeente stel voor dat punte 2,4 en 5 van die Algemene Sinode van 2015 se besluit oor selfdegeslagverhoudinge ter syde gestel word. Ook dat punt 7 van die Algemene Sinode van 2007 se besluit oor die saak gehandhaaf word.

**Die volgende kom onder meer in die beredenering ter sprake:**
Skrifgebruik (uitleg en vertolking van tekste).

**Witfield NG Gemeente (SGV)**

**Die kerkraad rig die volgende versoek:**
3.1 Hiermee versoek die NG Kerk Witfield die Algemene Sinode van 2019 om dringend sy besluite van 2015 i.v.m. selfdegeslagverhoudings te herroep.
3.2 Hiermee versoek die NG Kerk Witfield die Algemene Sinode van 2019 om te bevestig dat die besluite van 2015 i.v.m. selfdegeslagverhoudings ongeldige besluite is aangesien dit in stryd met die Woord van God is en aangesien dit op onkerkordelike wyse geneem was.

**Die volgende kom onder meer in die beredenering ter sprake:**
Die besluit van 2015 is ongeldig aangesien dit onkerkordelik geneem is; ongeldig aangesien dit geen Bybelse fundering het nie en dus en dus nie in ’n Gereformeerde Kerk tuishoort nie; ongeldig aangesien dit direk in stryd is met die duidelike lering van die Bybel oor die sonde, asook die huwelik en die seksuele.

**Sien ook verslag oor prosedurele besware.**

**Zaayman, JS (SGV)**

**Die opsteller beveel aan dat:**
Die besluite van die 2013 AS rakende SGV gehandhaaf sal word.

**Die volgende kom onder meer in die beredenering ter sprake:**
Skrifgebruik (uitleg en vertolking van tekste), verstaan van die huwelik, belydenisgrondslag, etiek en moraliteit (onder meer sonde al dan nie), gesag van die Bybel.